

Storie van Hoop – 'n Tweede kans vir Johan



Johan is die jongste van 3 kinders. Mamma se omstandighede was baie onstabiel en was sy betrokke in verskeie verhoudings. Johan was 3 jaar oud toe hy vir die eerste keer blootgestel is aan erge fisiese mishandeling. Mamma se kêrel op daardie stadium het vir Johan so erg aangerand dat hy gehospitaliseer is. Die man het hom in die hospital besoek, waartydens hy Johan se arm gebreek het. Johan was vir 'n maand in die hospital. Nadat hy ontslaan is, is hy weer by die huis aangerand waar 8 beenbreuke, blou kolle en beserings aan sy geslagsdele opgedoen het. Die aggressie was grotendeels op Johan gemik en nie op die ouer twee kinders nie. Al drie die kinders is in tydelike plek van bewaring geplaas. Johan is apart van die ouer kinders geplaas. Mamma moes 'n korrektiewe program deurloop, wat sy suksesvol voltooi het. Die ouer twee kinders is weer in mamma se sorg herstel. Die emosionele letsels by Johan was egter van so 'n aard dat dit nie in sy belang sou wees om in mamma se sorg herstel te

word nie.

Johan was in pleegsorg geplaas by 'n liefdevolle gesin. Die plasing was nie sonder uitdagings nie, maar hul het hom onvoorwaardelik aanvaar binne hulle gesin en vir hom weer geleer wat liefde is en 'n veilige hawe geskep. Geleidelik het Johan weer gesond geword en geleer om te vertrou. Die pleeggesin het goeie samewerking gebied ten opsigte van rekonstruksiedienste. In so 'n mate dat daar naderhand bepaal kon word dat terugplasing glad nie in sy belang sou wees nie en dat sy primêre binding by sy pleeggesin lê. Johan is later deur sy pleeggesin aangeneem en is vanjaar in matriek en as 'n leier van sy skool aangewys. 'n Pragtige jong man wat die geleentheid gegee is om bo sy omstandighede te kon uitstyg en gekies het om 'n sukses van sy lewe te maak.

Dankie aan al die pleegouers wat hul huise en harte oopstel vir ons kinders wat soveel seer in hul lewe moes ontbeer en dat jul al die stukke weer optel en deel is van hul heelword proses.